# LEEUWENHOF AKADEMIE
# LAERSKOOL NUUSBRIEF NR. 6 / 2017
# 21 FEBRUARIE 2017

Geagte ouers en personeel,

In Deut. 6: 6 en 7 staan die volgende: *"Hierdie gebooie wat ek jou vandag gegee het, moet in jou gedagtes bly. Jy moet dit inskerp by jou kinders en met hulle daaroor praat as jy in jou huis is en as jy op pad is, as jy gaan slaap en as jy opstaan"*

God gee aan ons die opdrag om tydig en ontydig met ons kinders oor die Bybel te praat. Ons as Christenouers het het 'n groot verantwoordelikheid teenoor ons kinders. Ons moet ons kinders van kleins af leer om die Bybel te lees en daardeur die Woord van God en vir God lief te kry sodat hulle eendag dit vir hul eie kinders kan leer. Dankie vir ons personeel en ouers wat hierdie groot verantwoordelikheid aanvaar en dit elke dag toepas.

## PERSONALIA

### ILZE CLAASSEN

Ons verwelkom me. Ilze Claassen wat tydelik in mnr. Clemens Pretorius se plek aangestel is om gr. 4 Wiskunde en gr. 7 Sakestudies aan te bied. Me. Claassen is 'n ervare onderwyseres en haar dogter was 'n paar jaar gelede ook 'n leerder by ons pragtige skool. Sy sal tot die 12 de April diens doen in hierdie pos.

### AFDELINGSHOOF: SPORT

Onderhoude vir die vakante pos begin hierdie week. Daar was ongeveer 30 aansoeke vir die pos. 'n Kortlys van agt sterk kandidate is genooi om 'n voorlegging aan die onderhoudspaneel te kom maak. Die finale onderhoude vind op die 6 de Maart plaas.

## AKADEMIE

### WISKUNDE WEEK: GRAAD 1 TOT 7

Vir die eerste keer bied die Wiskunde departement 'n Wiskunde week aan vanaf 6 – 10 Maart.

Die doel van die week is om te fokus op aktiwiteite wat gerig is op:

- Meetkunde
- Probleemoplossing

Leerders gaan in elke graad 'n taakopdrag ontvang wat handel oor 'n spesifieke onderwerp. Verdere inligting oor die opdrag sal deur die onderwyser in elke graad aan die leerders gegee word.

# SPORT

### ATLETIEK: D-17 KAMPIOENSKAPPE

37 atlete het deurgedring na die week se D17 byeenkoms. Weens omstandighede buite ons as skool se beheer is die D-17 byeenkoms geskuif na Donderdag 23 Februarie 2017. Atlete het persoonlik briewe by mnr S. Erwee ontvang waarop al die nodige inligting verskyn. Sterkte aan die atlete, ons weet sommer hulle gaan ons skool se naam hoog hou.

## SKAAK: GRAAD 1 TOT 3

Die Skaak akademie se lesse vir alle nuwe beginner skaakmaatjies vind plaas op Dinsdae oggende 08:00 - 08:35 in Anita Jonck se klaskamer.

Die maatjies wat verlede jaar by Hendrik van Tonder skaak gedoen het en wat daarmee voortgaan, se lesse vind plaas op Maandae middae 13:15 – 13:50 in Mariska Krugel se klaskamer. Die Juniorkoor kry egter voorkeur bo die skaak.

Indien daar enige ouer is wat nog belangstel om u kind by die Skaak akademie in te skryf kan u gerus vir Hendrik kontak by 082 339 6571.

## WELPIERUGBY –EN NETBAL: 0/7 EN 0/8

Die Welpierugby begin op 7 Maart en oefen op Dinsdae en Donderdae vanaf 14:00 tot 15:00.

Die Welpienetbal begin die 8 ste Maart en oefen op Woensdae en Donderdae:

- 0/7 oefen by die Laerskool se netbalbaan vanaf 14:00 tot 15:00
- 0/8 oefen by Leeupark vanaf 14:00 tot 15:30.

Speelsters word met die skool se busse heen en weer vervoer

# KULTUUR

### MARIMBAS

Maandag, 13 Februarie, is die oudisies gehou vir die marimbas.

Die volgende leerders maak deel uit van 2017 se span:

- Karla Currin
- Llewellyn van der Merwe
- Ardia Ferreira
- Anrike Moerdijk
- Tanya Siebert
- Monique Pretorius
- Sumike Botha
- Chené Erasmus
- Diaan Beeslaar
- Jonathan Liebenberg
- Jaco Freemantle
- Heinz Vogelsang

- Emma-Mari Wagner
- Hannah Raats en
- Connor Bergström

Om deel te wees van die marimbas is nie net ‘n eer nie, maar behels ook entoesiasme, selfdissipline, harde werk en ritmiese vaardigheid.

Inligting met betrekking tot die marimba-groep:

- Oefentye: Maandae vanaf 13:50 tot 15:00
- Oefenlokaal: Marimba Lokaal (Me. Watts se klas)
- Afrigter:  Thokozane Nsibande
- Eerste oefening: Maandag  13 Februarie 2017

Kom ons maak ‘n onvergeetlike, opwindende en suksesvolle jaar van die marimbas!

**VALENTYNSDAG**

Valentynsdag, die skool was getooi in rooi.  Almal het pragtig gelyk in hulle gewone klere.  Ballonne was verkoop vir ’n geheime valentyn, liedjies genomineer vir ’n spesiale iemand.  Linte in die hare en hampers vir ’n gelukkige trekking .  Zak Engelbrecht het ons spesiale valentynshamper gewen.

Die gees was hoog, die fondsinsameling n groot sukses en almal het baie pret gehad.

## TOESIGKLASSE NA SKOOL

Ons leerders wat die busse gebruik om huis toe te gaan en leerders wie se ouers hulle eers om 16:00 by die skool kom haal moet onder toesig in klasse wees ten alle tye.

Hierdie reëling is daar om ons leerders se veiligheid te verseker. Ons vra dat ouers die volgende met ons leerders sal bespreek by die huis:

- Klok lui 13:50 vir einde van skooldag
- Leerders wat by aktiwiteite betrokke is, meld aan by hul afrigters
- Om 14:15 tree graad 2 tot 7 leerders, wat nie betrokke is by aktiwiteite nie aan in die vierkant vir toesig. Geen leerder mag sonder toesig op die terrein wees nie.
- Die toesigklasse word deur ons onderwyspersoneel gedoen en hulp word met huiswerk aangebied waar nodig
- Graad 1 leerders speel bo by hul speelpark en is op toesig in een van die graad een personeel se klasse. Vanaf 15:00 speel graad eens weer by hul speelpark
- Om 15:45 eindig toesigklasse en tree gr. 1 tot 7 leerders in die vierkant aan. Personeel verdaag leerders na Voorskool, busse en leerders wat voor die saal vir ouers wag
- Ouers wat hul kinders voor 15:45 kom haal moet leerders persoonlik by toesigklasse gaan afhaal om al ons leerders se veiligheid te verseker

Vir enige navrae kontak me. Tersia Byleveldt by tersia@leeuwenhof.co.za

## VERTREK VAN BUSSE WANNEER SKOOL SLUIT VIR RESES

In verlede week se nuusbrief het die drukkersduiwel die vertrektyd van busse verkeerd gehad:

- Busse vertrek om 12:15 en nie om 2:15 nie

Jammer vir enige ongerief wat veroorsaak is

## OPEDAG: GRAAD 1 TOT 12

Ons Opedag vind saam met die Hoërskool plaas op 10 Maart om 15:00. Sien aangeheg die advertensie wat ons ouers en personeel aan belangstellende familie en vriende kan stuur. Ons maak staat op elkeen se positiewe bemarking van ons pragtige skool. Hoe voller die skool hoe minder is die jaarlikse verhoging in skoolfooie

## KASKARDAG

Kaskardag 2017 het aan alle verwagtinge voldoen. Groter, mooier, vinniger en meer verkope.

Meer as 2000 mense het die dag saam spandeer en geniet. Die klasse het baie mooi gelyk en die optog was met baie kreatiwiteit aangebied.

Die wenners was as volg:

- Grondslagfase: Die gr. 1 “Cowboys en Cowgirls” van juffrou Amanda Uys
- Seniorfase: Die gr. 6 YIP-YIP’s van mnr. Theo Beylefeld

Die verkope is fantasties ondersteun deur al die leerders, ouers en besoekers. Dankie aan al die klasverteenwoordiger-mammas wat saam my die dag gereël het en die verkope hanteer het.

Dankie aan elke persoon wat op enige manier bygedra het tot die groot sukses van die Kaskardag. Die Leeuwenhofgemeenskap is ‘n spogspan!

Die projek sluit op 10 de Maart 2017 waarna die wenners vir die hele projek aangewys sal word.

## CLICK2CHOW

Hierdie is ‘n maklike manier vir ouers om elektronies kos by ons eie snoepie te bestel. Die eerste 100 bestellings kom in aanmerking vir ‘n prystrekking om R500 kontant te wen.

Click2Chow is ‘n aanlyn bestelblad wat dit nou makliker is vir die kinders om nie in ‘n n ry te staan  gedurende pouse nie of as hul hul kos by die huis vergeet het.

Sien hier onder die click2chow skakel wat ouers direk na die snoepie se restaurant en snoepiespyskaart toe neem. Wanneer daar ‘n kosbestelling geplaas word moet ouers duidelik aandui in die "comment" gedeelte wat die onderwyser óf leerder se naam en van is asook die klaskamer, sodat wanneer die leerder die bestelling kom afhaal by die snoepie weet hul presies vir wie dit is.

Ek glo hierdie kontantlose sisteem gaan dinge baie makliker maak vir die ouers, leerders en onderwysers.

Hierdie is die skakel wat gebruik moet word: [https://www.click2chow.co.za/leeuwenhof-akademie/](https://www.click2chow.co.za/leeuwenhof-akademie/)

## SNOEPIE

Spesiale snoepie aanbieding vir Donderdag, die 23ste Februarie is as volg:

- Melkkos R15
- Footlong cheesegriller op stokkie R18.00
- Sjokolade muffins R15

Bestellings kan geplaas word by angie@drehmo.co.za

Bestelling **MOET** asb. voor Vrydag geplaas en betaal word.

Bankbesonderhede is:

- Mufasa’s Den
- Nedbank, 1087 629 527, 198765
- Ref.:  Kind se naam en graad

## BELANGRIKE DATUMS

| | |
|---|---|
| 21 Februarie | Akademiese ondersteuning 07:30<br>D-17 atletiekkampioenskappe by Germiston stadion<br>Rugby –en netbalproewe: D-17 atlete word verskoon |
| 22 Februarie | Rugby –en netbalproewe: Gauteng atlete word verskoon |
| 23 Februarie | WIJ<br>**ENGELS TERMYNTOETS: GR. 5 TOT 7**<br>Reses: Skool sluit 12:00. Busse vertrek alreeds om 12:15 |
| 28 Februarie | Skool begin 08:00<br>Rugby –en netbalproewe: Gauteng atlete word verskoon |
| 1 Maart | Gewyde sang |
| | Rugby –en netbaloefeninge |
| 2 Maart | Rugby –en netbaloefeninge |
| 3 Maart | **WISKUNDE TERMYNTOETS: GR. 5 TOT 7**<br>Gauteng atletiekkampioenskappe<br>Rugby –en netbalkampe begin |
| 4 Maart | Gauteng atletiekkampioenskappe<br>Rugby –en netbalkampe |
| 6 Maart | Wiskunde week<br>Netbal aandreeks vir o/13 A |
| 7 Maart | Akademiese ondersteuning 07:30<br>Welpie rugby oefening begin |
| 8 Maart | Rugby vs Louw Geldenhuys: o/9 tot o/13<br>Mini-netbal oefening begin |
| 9 Maart | WIJ |
| 10 Maart | Opedag |
| 11 Maart | Rugby, netbal en skaak vs Trinity House: Rugby – 0/9 tot 0/13<br>Netbal – 0/10 tot 0/13<br>Skaak |
| 13 Maart | ATKV Spelathon<br>Netbal aandreeks vir 0/13A |
| 14 Maart | Akademiese ondersteuning 07:30 |

## LAERSKOOLBESTUUR

| | | |
|---|---|---|
| Skoolhoof: | Mnr W Uys | wium@leeuwenhof.co.za |
| Adjunkhoof Akademie: | Me A vanZijl | anlivz@leeuwenhof.co.za |
| Adjunkhoof Organisatories: | Mnr W Jacobs | willem@leeuwenhof.co.za |
| Afdelingshoof: Kultuur: | Me C Bosman | charmaineb@leeuwenhof.co.za |
| Afdelingshoof Juniorfase: | Me H Pretorius | helenap@leeuwenhof.co.za |
| Afdelingshoof Seniorfase: | Me C Bosman | charmaineb@leeuwenhof.co.za |
| Afdelingshoof Sport: | Mnr C Pretorius | clemens@leeuwenhof.co.za |
| Afdelingshoof Musiek: | Mnr K Pretorius | kobie@leeuwenhof.co.za |
| Bemarkingsbestuurder: | Me M Wagner | marketing@leeuwenhof.co.za |
| Sekretaresse: | Me M Bothma | margaretb@leeuwenhof.co.za |

Leeuwenhof - groete

_____

**MNR. WIUM UYS**
**HOOF - LAERSKOOL**